



Sorg in tyd van CORONA

Vyf wenke om uit liefde te leef, en nie deur vrees nie

Hierdie wenke is aangepas met toestemming van Nathan Bretts se artikel, 'The Coronavirus: Choosing Love in a Time of Fear', oorspronklik gepubliseer op www.rzim.org.

1. Stilte

Dit is moeilik om uit liefde te leef as ons bekommerd is. Maar 'n stil verstand help ons. Vat daaglikse tyd om stil te wees. Dit stel ons verstand in staat om die stilte te vind wat ons nodig het.

"Bedaar en erken dat ek God is." - Psalm 46:11

2. Gebed

Bid gereeld. Sit verskillende tye van die dag opsy vir gebed en vra God om te help. Dit is om ons te herinner dat ons nie die dinge op ons eie kan doen nie. Ons het Sy hulp nodig. As ons na Hom uitroep, sal Hy antwoord.

"Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." - 1 Tessalonisense 5:17-18

3. Luister na God

Vat daaglikse tyd om die Bybel te lees en te luister. Dit help ons om God te verstaan en hoe Hy regdeur die geskiedenis opgetree het – in moeilike tye, plaë, oorlog, hongersnood en vrede. En dit help ons om te verstaan hoe Hy vandag in ons lewens en in die wêreld werk.

"Daarom, kinders, luister na my, dit sal goed gaan met die wat op my pad bly. Luister na wat ek julle leer, moet dit nie verontagsaam nie, dan sal julle ook wysheid hê." - Spreuke 8:32-33

4. Begrip

Om te verstaan is baie belangrik om lief te hê. Om jou naaste, vriend of familielid lief te hê, moet jy hulle verstaan. Dit vat geduld en omgee. Dit vereis dat ons vir mekaar meer vrae vra en kan luister.

"Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing ... Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander." - Filippense 2:1,3-4

5. Deurdagte sorg

Terwyl ons in die sluiting is, moet ons kreatiewe maniere vind om vriendelikheid en omgee te toon sonder om fisies teenwoordig te wees. Ons kan ons vriende bel of WhatsApp. Of stuur 'n bemoedigings nota. Ons kan by bejaardes of kwesbare bure inklok om hulle te laat weet dat hulle geliefd is.

"Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus." - Galasiërs 6:2